# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

# MScDent Odontologie (11252001)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 2 jaar |

## Programinligting

Die program behels:

- 'n Eksamen wat handel oor 'n goedgekeurde program van gevorderde studie en onderrig oor 'n toepaslike gebied van die Tandheelkunde.

- 'n Verhandeling wat met die hoofvak verband hou. In die finale beoordeling sal die verhandeling dieselfde gewig dra as die eksamen.

## Toelatingsvereistes

- Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies, word die BChD-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie vereis, plus die Nagraadse Diploma in Tandheelkunde [NGDiplTandh]. Die kandidaat kan vrygestel word van laasgenoemde kwalifikasie na goeddunke van die betrokke departementshoof en met die goedkeuring van die Dekaan.
- Kandidate in besit van 'n toepaslike baccalaureus honoresgraad of gelykwaardige kwalifikasie kan toegelaat word tot sekere gespesialiseerde basiese tandheelkundewetenskappe volgens die diskresie van die betrokke departementshoof en ingevolge die bepalings van die Algemene Regulasies en met die goedkeuring van die Dekaan.

## Eksamens en slaagvereistes

Die Algemene Regulasies geld. 'n Slaagpunt van minstens 50% word vir die verhandeling vereis asook minstens 50% as slaagpunt vir die eksamen.

## Slaag met lof

'n Student moet in beide die eksamen en die verhandeling minstens 75% behaal.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.